

24.2 RAPPORT 2 – KURATORE TEOLOGIESE SKOOL POTCHEFSTROOM – FINANSIËLE SAKE (Art 80)

24.2 REPORT 2 – CURATORS THEOLOGICAL SCHOOL POTCHEFSTROOM – FINANCIAL MATTERS (Art 80)

- A. Dr DG Breed stel die Rapport.
Dr DG Breed tables the Report.
- B. Die Rapport word staande die Sinode afgehandel.
The Report will be concluded during the Synod session.

C. RAPPORT / REPORT

<p>1. Sake waarvan die Sinode kennis neem Finansiële state en begrotings sal deur die Administratiewe Buro verskaf word.</p> <p>1.1 Versorging van Emeriti Die versorgingskommissie wat die professore besoek, besoek ook die emeriti en emeritusweduwees en rapporteer skriftelik aan die Junie- of November-Kuratorevergadering oor hulle welstand en versorging. Indien daar versorgingsnood ontstaan, word dit dadelik deur die Kuratore Dagbestuur hanteer. Tydens die besoeke is navrae wat van emeriti ontvang is oor die briewe wat deur die EVT uitgestuur is, ook hanteer.</p> <p>1.2 Rekenaaruitsendingsvergaderings van Kuratore Ten einde reis-, ete- en verblyf koste te bespaar, het die Kuratore besluit om waar moontlik van die fasiliteite wat Docenda in lokaal 110 ingerig het, gebruik te maak vir rekenaaruitsendingsvergaderings. Die Junievergadering van die Kuratore, sowel as beroepingsvergaderings word suksesvol so hanteer. Indien die sakelys vereis dat al die Kuratore na Potchefstroom moet kom, word 'n vergadering só opgeroep.</p> <p>1.3 Kandidaatstudente wat deur Docenda studeer en nie beurse uit die Kas vir Teologiese Studente ontvang ten opsigte van hul studiekoste nie Daar was in 2015 vier kandidaatstudente wat dmv Docenda studeer het, in 2016 tien en in 2017 vyftien. Hierdie kandidaatstudente het nie beurse uit die Kas vir Teologiese Studente ontvang vir registrasie- en</p>	<p>1. Matters that the Synod take note of Financial statements and budgets will be provided by the Administrative Bureau.</p> <p>1.1 Care of Retired Ministers The Care Commission who visits the professors, also visits retirees and widows and reports in writing on their welfare and care to the June or November Curators Meeting. Should a care need arise, it is immediately addressed by the Executive Committee of the Curators. During these visits some queries that were received from retirees about correspondence sent out by the EVT, were also discussed.</p> <p>1.2 Computer-broadcast meetings of Curators In a bid to save on travelling, accommodation and meal expenses, the Curators decided to make use of Docenda's computer-broadcast facilities for meetings in room 110. The June meeting of the Curators as well as calling meetings are successfully conducted this way. If the agenda requires all the Curators to come to Potchefstroom, such a meeting is called.</p> <p>1.3 Candidate students who study via Docenda without provision of bursaries from the Fund for Theology Students for the costs of their theological studies Four candidate students studied via Docenda during 2015, 10 in 2016 and 15 in 2017. These candidate students did not receive bursaries for registration and class fees from the Fund for Theology Students.</p>
--	--

klasgeld nie.

Indien hierdie studente voltyds in Potchefstroom sou studeer en beurse uit die Kas vir Teologiese Studente sou ontvang, sou dit 'n bedrag van ongeveer R419 000 beloop. (LW. In die bepaling van hierdie bedrag is toekennings uit ander fondse soos voedselbank en akkommodasie nie in berekening gebring nie.)

Besluit: Punte 1.1 tot 1.3 kennis geneem.

2. Sake waaroor die Sinode besluit

2.1 Wysiging van raming vir die NWU na raming vir studente-akkommodasie

Kyk ook die Rapport van die Administratiewe Buro hieroor.

Aanbeveling: In die lig van die nood wat bestaan tov behuising vir teologiese studente, word die raming vir die NWU gewysig na 'n raming vir studente-akkommodasie.

Besluit: Goedgekeur.

2.2 Hersiening van Reglement van die Studentekas vir Teologiese Studente

Die volgende hersiening van die Reglement word aan die Sinode voorgelê vir goedkeuring:

Nota: Wat in die Reglement deurgehaal is, wys op wat geskrap word. Die nuwe bewoording is in vetdruk.

REGLEMENT VAN DIE STUDENTEKAS VIR TEOLOGIESE STUDENTE AAN DIE TEOLOGIESE SKOOL POTCHEFSTROOM

1. DOEL

Die doel van die Studentekas vir Teologiese Studente aan die Teologiese Skool Potchefstroom (hierna die Studentekas) is om uitvoering te gee aan KO, art 19 van die GKSA naamlik: "Die kerke moet soveel nodig sorg dat daar kandidate in die teologie is wat deur hulle ondersteun moet word." Dit beteken dat die kerke die verantwoordelikheid aanvaar om so ver dit in hulle vermoë is en waar nodig, finansiële hulp aan voornemende bedienaars van die Woord te verleen. Elke kandidaat is dus self verantwoordelik vir die finansiering van sy studie, en kandidate kan nie op volledige onderhoud aanspraak maak nie, maar hulle kan op die finansiële ondersteuning van die kerke deur middel van die Studentekas reken.

Students who study full-time in Potchefstroom and are awarded bursaries from the Fund for Theology Students receive an amount of approximately R419 000. (Note: This amount does not account for funds from other sources, such as the food bank or funds for accommodation).

Decision: Points 1.1 to 1.3 noted.

2. Matters that the Synod decide on

2.1 Adjustment of estimate for the North-West University (NWU) re. "raming" for student accommodation

Also see the Report of the Administrative Bureau.

Recommendation: In light of the housing need for theological students, the estimate for the NWU to be revised to a "raming" for student accommodation.

Decision: Approved.

2.2 Revision of Regulations of the Fund for Theological Students

The following revision of the Regulations is tabled to the Synod for approval:

Note: The items struck through indicate stipulations to be scrapped and the new wording is provided in bold.

REGULATIONS OF THE FUND FOR THEOLOGICAL STUDENTS AT THE THEOLOGICAL SCHOOL POTCHEFSTROOM

1. OBJECTIVE

The aim of the fund for theological students at the Theological School Potchefstroom (TSP) (hereinafter the Fund) is to comply with CO, art 19 of the Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA), namely: "The churches should ensure that there are a sufficient number of students of Theology and that they receive financial support from the churches." In other words, the churches accept the responsibility to offer financial support to aspiring ministers of the Word as far as they are able and if needed. Every candidate is thus responsible for financing his own studies and cannot expect all costs to be covered, but can count on financial support from the church by means of the Fund.

<p>2. BEHEER</p> <p>2.1 Die beheer van die Studentekas is aan die Kuratorium van die Teologiese Skool opgedra.</p> <p>2.2 Die Kuratorium benoem 'n Kommissie vir Finansiële Ondersteuning (KFO) wat volledig op alle aspekte van die aansoeke om ondersteuning uit die Kas vir Teologiese studente ingaan en die aansoeke behandel en aanbevelings by die Kuratorium maak.</p> <p>2.3 Hierdie Kommissie kan ook laat aansoeke behandel en toekennings maak wanneer die Kuratorium nie in sitting is nie.</p> <p>2.4 Die Kommissie bestaan uit predikante van die Gereformeerde Kerke in Potchefstroom wat teologiese studente onder hulle sorg het, en indien nodig predikante wat deur die Beursekomitee gekoöpteer word, twee teologiese professore wat deur die Kuratorium benoem word, (waaronder en ampshalwe die Rektor van die Teologiese Skool), kuratore (Finansiële Kommissie) deur die Kuratorium benoem, die Direkteur (of sy gevolmagtigde) van die Administratiewe Buro, kuratore (verkieslik die finansiële kommissie), twee teologiese professore deur die kuratore benoem (waaronder ampshalwe die vise-rektor Studentesake) die Registrateur van die Teologiese Skool, die Administratiewe Bestuurder van die Administratiewe Buro, predikante van die Gereformeerde Kerke in Potchefstroom wat kandidaatstudente onder hulle sorg het en, op uitnodiging, twee amptenare van die departement Finansiële Steundienste van die NWU. 'n Dagbestuur word soos volg saamgestel: Rektor Vise-rektor Studentesake (ampshalwe voorsitter), een teologiese professor, die Registrateur, twee kuratore (Finansiële Kommissie), een predikant soos hierbo omskryf en die Direkteur Administratiewe Bestuurder (of sy gevolmagtigde) van die Administratiewe Buro.</p> <p>2.5 Die Dagbestuur behandel laat aansoeke en sake wat die Kommissie</p>	<p>2. MANAGEMENT</p> <p>2.1 The management of the Fund has been entrusted to the Curatorium of the TSP.</p> <p>2.2 The Curatorium appoints a Commission for Financial Support (CFS) that thoroughly reviews all aspects of the applications for support from the Fund for theological students and to handle the applications and make recommendations to the Curatorium.</p> <p>2.3 This Commission can also review applications and approve awards when the Curatorium is not in session.</p> <p>2.4 The Commission comprises of ministers of the Reformed churches in Potchefstroom that support theological students and, if necessary, ministers co-opted by the Bursary Committee, two theological professors nominated by the Curatorium (among which and because of position the rector of the Theological School), curators (Financial Commission) appointed by the Curatorium, the Director (or his representative) of the Administrative Bureau, curators (preferably the Financial Commission), two theological professors named by the curators (among which, due to position, the Vice-rector Student Affairs), the Registrar of the TSP, the Administrative Director of the Administrative Bureau, ministers of the Word from the Reformed churches in Potchefstroom that support candidate students and, upon invitation, two officials from the Department for Financial Support Services of the NWU.</p> <p>An Executive Committee is appointed as follows: Rektor Vice-rector Student Affairs (due to his position: chairman), one theological professor, the Registrar, two curators (Financial Commission), one minister as described above and the Director Administrative Manager (or his representative) of the Administrative Bureau.</p> <p>2.5 The Executive Committee reviews late applications and business referred to the</p>
--	---

<p>na hom verwys.</p> <p>3. INKOMSTE Die Kas verkry sy inkomste op die volgende wyse:</p> <p>3.1 Kollektes en/of ramings soos van tyd tot tyd deur die Nasionale Algemene Sinodes bepaal.</p> <p>3.2 Die Studentekas word opgebou deur erflatings en vrywillige skenkings en kollektes, waarvan die volle kapitaal vir ondersteuning gebruik kan word.</p> <p>4. STEUN DEUR KERKE</p> <p>4.1 Kerke word aangemoedig om finansiële ondersteuning aan teologiese studente in terme van KO, art 19 by wyse van bydraes tot die Studentekas te kanaliseer.</p> <p>4.2 Waar kerke 'n spesifieke kandidaat wil ondersteun, word hulle versoek om dit met kennisgewing aan die Kuratore te doen ter wille van koördinerings.</p> <p>5. AANSOEKE</p> <p>5.1 'n Aansoeker moet lid van 'n Gereformeerde Kerk wees. Die Kuratorium kan ook besluit om die beurs of lening toe te ken aan persone van ander lande, wat nie lidmate van die Gereformeerde Kerke is nie, maar wat by die Kuratorium aangemeld het en begerig is om by die Gereformeerde Kerke aan te sluit en om hulle kandidaatstudies aan die TSP te verwerf. Ondersteuning sal eers gegee kan word, vandat die aansoeker 'n lid van 'n Gereformeerde Kerk is.</p> <p>5.2 'n Aansoek moet op 'n voorgeskrewe vorm ingevul word.</p> <p>5.3 Saam met 'n aansoek vir toelating tot die TSP moet ook 'n mediese sertifikaat op 'n voorgeskrewe vorm ingedien word indien die Kuratore dit verlang. (Die vorms is verkrygbaar by die Registrateur, Teologiese Skool, Posbus 20004, Noordbrug 2522.)</p> <p>5.4 Saam met 'n aansoek vir toelating tot die TSP moet 'n vertroulike verslag van die Kerkraad is ook by die aansoekvorm ingesluit word. By elke aansoek tot finansiële ondersteuning moet aangetoon word wat die bydrae van die tuisgemeente/plaaslike kerk is.</p>	<p>Commission.</p> <p>3. INCOME The Fund obtains its funds as follows:</p> <p>3.1 Collections and/or "ramings" as determined by the National General Synods from time to time.</p> <p>3.2 The Fund is built through bequests and voluntary donations and collections, in which all monies can be used for support.</p> <p>4. SUPPORT BY CHURCHES</p> <p>4.1 Churches are encouraged to offer financial support to theological students in terms of CO, art 19 by means of special collections to the Fund.</p> <p>4.2 When a church seeks to support a specific candidate, it is requested that the Curators be notified for the sake of proper coordination.</p> <p>5. APPLICATIONS</p> <p>5.1 An applicant must be a member of a Reformed Church. The Curatorium may also decide to award bursaries or loans to individuals from other countries, who are not members of the Gereformeerde Kerke, but who approached the Curatorium with the wish to join the GKSA and undertake candidate studies at the TSP. Support will only be granted once the applicant is a member of the Gereformeerde Kerke.</p> <p>5.2 The prescribed application form must be completed.</p> <p>5.3 A medical certificate must be submitted with the application, on the prescribed form, if requested by the Curators. (The forms can be obtained from the Registrar, Theological School, PO Box 20004, Noordbrug 2522.)</p> <p>5.4 The application for admission to the TSP must be accompanied by a confidential report from the Church Council is. With every application for financial support the student must indicate the amounts contributed by the home congregation/local church.</p>
---	---

<p>(Al bogenoemde vorms, 5.2–5.4, is verkrygbaar by die Registrateur, Teologiese Skool, Posbus 20004, Noordbrug 2522.)</p> <p>6. ONDERSTEUNING</p> <p>6.1 'n Kandidaat wat hom as predikant in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika bekwaam, kan ondersteuning uit hierdie Kas vir hoogstens die normale duur van die kursus ontvang om hom in staat te stel om die nodige kwalifikasies te behaal om die Kandidaatsertifikaat te ontvang.</p> <p>6.1.1 Indien 'n kandidaat nie die betrokke jaar waarvoor hy ingeskryf is, slaag nie, en die jaar dus moet herhaal, sal hy self verantwoordelik wees vir die direkte studiekoste (registrasiegeld, klaggeld, boeke) totdat hy die jaar suksesvol voltooi het. Die verantwoordelikheid vir die koste van behuising en voedsel word aan die diskresie van die KFO oorgelaat na gelang van elke kandidaat se spesifieke omstandighede.</p> <p>6.1.2 Indien 'n kandidaat sekere vakke van die betrokke jaar waarvoor hy ingeskryf is, nie slaag nie en die vakke moet herhaal, sal hy vir die herhaling van die betrokke vakke self verantwoordelik wees vir die studiekoste van die betrokke vak/ke en 50% van sy registrasiegeld, totdat hy die betrokke vak/ke suksesvol voltooi het. Die verantwoordelikheid vir die koste van behuising en voedsel word aan die diskresie van die KFO oorgelaat na gelang van elke kandidaat se spesifieke omstandighede.</p> <p>6.2 Die Kuratorium kan op aanbeveling van die KFO 'n kleiner of groter bedrag vasstel na gelang van die finansiële omstandighede van die kandidaat en/of geen toekenning maak nie.</p> <p>6.3 In oorleg met die Kuratorium en met in agneming van punte 3 en 4 van hierdie Reglement stel die Direkteur Finansiële Bestuurder van die Administratiewe Buro in samewerking met die Finansiële kommissie van die Kuratore 'n begroting op waaruit die KFO toekennings maak vir ondersteuning ooreenkomstig hierdie</p>	<p>(All the above forms, 5.2-5.4, can be obtained from the Registrar, Theological School, PO Box 20004, Noordbrug 2522.)</p> <p>6. SUPPORT</p> <p>6.1 A candidate training to be a minister in die GKSA can only receive support from this Fund for the set duration of the course to enable him to obtain the necessary qualifications in order to receive the Candidate Certificate.</p> <p>6.1.1 Should a candidate fail to pass a year of the course and need to repeat it, he becomes fully responsible for all study costs (registration and class fees, books) until he has successfully completed that study year. The responsibility for contribution towards room and board is left to the discretion of the CFS, based on each candidate's particular circumstances.</p> <p>6.1.2 Should a candidate fail to pass certain subjects of any given year for which he was registered and would need to repeat these subjects, he will be responsible for cost of the repeat of the relevant subjects and 50% of his registration fees until he has passed the relevant subjects. The responsibility for the contribution towards room and board is left to the discretion of the CFS, based on each candidate's particular circumstances.</p> <p>6.2 The Curatorium may, as recommended by the CFS, determine the amount of support based on the candidate's financial circumstances and/or refuse any support.</p> <p>6.3 In consultation with the Curatorium and in reference to points 3 and 4 of these Regulations, the Director Financial Manager of the Administrative Bureau draws up a budget, in cooperation with the Financial Commission of the Curators, according to which and based on the merits of each application the CFS offers support.</p>
--	---

<p>begroting en die meriete van elke aansoek.</p> <p>6.4 Voor die ondersteuning begin, moet 'n kandidaat, 'n skriftelike ooreenkoms met die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika aangaan, wat ook deur sy ouers/voog onderteken moet word indien hy minderjarig is.</p> <p>6.5 Vir 'n kandidaat wat predikant van die Gereformeerde Kerke word, word die ondersteuning soos volg afgeskryf: Vir elke diensjaar word 'n jaar se ondersteuning afgeskryf, beginnende by die jaar waarin die eerste toekenning gemaak en uitbetaal is.</p> <p>6.6 Word 'n kandidaat nie predikant nie of indien hy vir 'n korter tydperk predikant is as die jare waarvoor hy ondersteuning ontvang het, of verlaat hy die Universiteit of Teologiese Skool voor voltooiing van sy studies, word die ondersteuning wat hy ontvang het, dadelik in 'n lening omskep.</p> <p>6.7 Rentekoerse:</p> <p>6.7.1 Rentekoerse sal gehef word vanaf die tydstop dat die kandidaat die Universiteit of die Teologiese Skool verlaat of vandat hy nie meer predikant in die GKSA is nie.</p> <p>6.7.2 Geen rente word gehef terwyl 'n proponent op 'n beroep wag nie.</p> <p>6.7.3 Gedurende die studiejare word die rentekoers op 3% die amptelike ABSA primakoers per jaar bepaal en gedurende die terugbetalingsperiode word dit op 3% onder die amptelike ABSA primakoers gehou soos wat laasgenoemde varieer.</p> <p>6.8 Tydperk van leningsdelging: Lening word op 'n jaar vir jaar basis terugbetaal tensy anders met die Kuratorium ooreengekom word.</p> <p>6.9 'n Kandidaat wat sy studie met toestemming van die Kuratorium onderbreek, is verplig om die ondersteuning wat hy reeds ontvang het, gedurende die tyd van gegewe verlof terug te betaal, tensy die Kuratorium aan hom uitstel verleen.</p> <p>6.10 Die Administratiewe Buro sal op 'n gereelde basis state verskaf ten opsigte van kandidate se uitstaande verpligtinge.</p> <p>6.11 Enige ander lening of toekenning (byvoorbeeld boeke, studiemateriaal,</p>	<p>6.4 Prior to any support being afforded to the candidate, he enters into a written agreement with the GKSA that is also to be signed by his parents/guardian should he still be a minor.</p> <p>6.5 The support granted a candidate who becomes a minister of the GKSA is written off as follows: A year's support is written off for every year served, as of the first year support is granted and paid out.</p> <p>6.6 Should a candidate fail to become a minister or his period of service falls short of the number of years he received support or he leaves the University/TSP without completing his studies, the support afforded him is immediately made into a loan.</p> <p>6.7 Interest rates:</p> <p>6.7.1 Interest rates will be levied as of the date the candidate leaves the University/TSP or resigns his employment with the GKSA.</p> <p>6.7.2 No interest is levied while a probationary minister awaits calling.</p> <p>6.7.3 Over the course of the study period the interest rate is 3% set as per the official ABSA prime rate per annum and repayment is set at 3% under the official ABSA prime rate, as the latter may vary.</p> <p>6.8 Period of loan repayment: Loans are repaid on a year to year basis, unless otherwise agreed with the Curatorium.</p> <p>6.9 A candidate who suspends his studies, with permission from the Curatorium, is obliged to repay the support already received during the period of leave given him, unless the Curatorium grants him an extension of time.</p> <p>6.10 The Administrative Bureau shall regularly provide statements of candidates' outstanding obligations.</p> <p>6.11 Any other loan or award (for example, books, study material, medical, etc.) is</p>
---	---

<p>medies, ens.) is aan dieselfde voorwaardes onderhewig.</p> <p>6.12 Vir enige ondersteuning wat in lenings omskep word, geld dieselfde bepalings as in ander lenings.</p> <p>7. PROEFTYDPERK</p> <p>7.1 Die Kuratorium beskou die studiejare as 'n proeftyd vir die bekwaamheid en geskiktheid van 'n kandidaat om as herder en leraar op te tree.</p> <p>7.2 As die Kuratorium besluit om by 'n kandidaat aan te beveel dat hy liewers 'n ander lewensroeping volg, word die kandidaat se studies beëindig en word sy beurs in 'n lening omskep, tensy die kuratore na gelang van omstandighede 'n ander besluit volgens hulle diskresie neem.</p> <p>8. GETROUDE KANDIDATE</p> <p>8.1 Getroude persone wat as kandidaat wil inskrywe, en kandidate wat reeds toegelaat is en wat wil trou, moet die Rektor/Viserektor Studentesake in dié aangeleentheid ken en waar nodig die Dagbestuur van die KFO, om oor die moontlike finansiële implikasies ingelig te word.</p> <p>8.2 Die Kuratorium verleen waar moontlik finansiële hulp aan getroude teologiese kandidate om hulle studie te voltooi, maar kan nie onderneem om ten volle vir die finansiële verantwoordelikheid van die getroude kandidaat se gesin in te staan nie.</p> <p>8.3 By die bepaling van die moontlike hulp wat aan 'n getroude kandidaat verleen word, sal die totale inkomste van sy gesin in berekening gebring word.</p> <p>9. BATES, KAPITAAL EN BELEGINGS VAN TEOLOGIESE STUDENTE</p> <p>Finansiële ondersteuning van teologiese kandidate is om hulle in staat te stel om hulle studie te kan voltooi en nie om kapitaal/beleggings/eiendomme te bekom/uit te bou/te bevorder/te onderhou of te behou nie.</p> <p>10. WYSIGINGS</p> <p>Die Kuratorium mag onder sekere dringende omstandighede wysigings in</p>	<p>subject to the same conditions.</p> <p>6.12 Support that is turned into loans is subject to the same stipulations as any other loans.</p> <p>7. PROBATIONARY PERIOD</p> <p>7.1 The Curatorium deems the studies year as a probationary period, in which the competence and suitability of a candidate to be a shepherd and teacher are determined.</p> <p>7.2 Should the Curatorium recommend to a candidate that he would be better suited to a different profession, the candidate's studies are terminated and his bursary is made a loan, unless the curators at their discretion come to another decision based on the particular circumstances.</p> <p>8. MARRIED CANDIDATES</p> <p>8.1 Married applicants or applicants who wish to marry and aspire to undertake the candidate studies are to inform the Rector/Vice-rector Student Affairs accordingly and, if necessary, the Executive Committee of the CFS in relation to the possible financial implications.</p> <p>8.2 The Curatorium offers financial aid to married theological candidates to complete their studies, where needed, but cannot undertake the full financial burden for a married candidate's family.</p> <p>8.3 The total income of a family is taken into account to determine the possible aid afforded a married candidate.</p> <p>9. ASSETS, CAPITAL AND INVESTMENTS OF THEOLOGICAL STUDENTS</p> <p>Financial aid to theological candidates serves to enable them to complete their studies and not to obtain/extend/promote/maintain or retain capital/investments/ property.</p> <p>10. AMENDMENTS</p> <p>The Curatorium may, under certain urgent circumstances, make amendments to</p>
---	--

die Reglement aanbring onderworpe aan die latere goedkeuring deur die **Algemene** Sinode.

Einde van die Reglement

Besluit: Goedgekeur met die volgende byvoeging:

1. Dat, aangesien die Administratiewe Buro die Regspersoon vir al die gesamentlike aktiwiteite van die GKSA is, 'n bestuursooreenkoms tussen die Administratiewe Buro en die Kuratore opgestel word.
2. Dat die Kuratore en die Administratiewe Buro gemagtig word om die detail bepalinge van die ooreenkoms te bepaal.
3. Dat die bestuursooreenkoms verseker dat die Kuratore instaat gestel word om sy opdrag uit te voer.
4. Dat die dokument genoem "Reglement" as basis vir die ooreenkoms gebruik word.

these Regulations subject to ultimate approval by the **General** Synod.

End of Regulations

Decision: Approved with the following addition:

1. That, because the Administrative Bureau is the legal person for all the corporate affairs of the GKSA, an agreement between the Administrative Bureau and the Curators are struck.
2. That the Curators and the Administrative Bureau be empowered to decide on the details of the agreement.
3. That the agreement ensures that the Curators are able to execute their mandate.
4. That the document called "Regulations" is used as the basis for the agreement.